SUIDER-PAARL GEMEENTE
Wees Anders...

VERHOUDINGS: RIEKERT BOTHA

Sessie 6: Die walvis storie

1. Lees **Matteus 18** saam:

   15“As jou broer verkeerd opgetree het teen jou, gaan wys hom tereg waar julle eenkant alleen is. As hy na jou luister, het jy jou broer teruggewen. 16Maar as hy nie luister nie, neem nog een of twee met jou saam, sodat alles wat gesê word, deur die woord van twee of drie getuies bevestig kan word. 17En as hy na hulle nie luister nie, sê dit vir die gemeente. As hy ook na die gemeente nie luister nie, moet jy hom as 'n heiden en 'n tollenaar behandel.

   18“Dit verseker Ek julle: Wat julle ook al op die aarde toesluit, sal in die hemel toegesluit bly; en wat julle ook al op die aarde oopsluit, sal in die hemel oopgesluit bly. 19Verder verseker Ek julle: As twee van julle op aarde oor enige saak saamstem en daaroor bid, sal my Vader wat in die hemel is, hulle dit laat kry, 20want waar twee of drie in my Naam saam is, daar is Ek by hulle.”

2. Kyk saam na die video sessie 6:
   https://www.rightnowmedia.org/Content/Series/393402?episode=6

3. Wat dink jy is die kernboodskap van die gedeelte?
4. Die Here is by ons as ons in ons verhoudings bymekaar is. Hoekom sukkel ons dan so om soos Hy op te tree?
5. Vertel van ’n geleentheid waar jy gesukkel het met ’n verhouding.
6. Wat moet gebeur sodat ons kan begin herstel aan ons verhoudings?
7. Hoe het Jesus die voorbeeld gestel vir die herstel van verhoudings?
8. Bid saam: Vra die Here om jou te vergewe, en sê dankie dat Hy jou soveel keer vergewe het.
9. Gaan vergewe een mens waar jy voel iets tussen julle is nie reg nie.